



KUNSTIGE **KERSPIT-** BORDUURWERK

Die plesier van kunsnaaldwerk is soveel groter wanneer dit met vernuf en 'n paar goeie wenke aangepak word. Hou *ROOI ROSE* dop vir insiggewende artikels oor kunsnaaldwerk vol nuwighede



GEE nuwe lewe aan 'n tradisionele kunsvorm. Kombineer kerspitborduurwerk, trapunto-deurstikwerk en ander borduursteke. Voeg dan 'n bietjie kleur by en jou handwerk is voorwaar iets besonder

Met tradisionele kerspitborduurwerk is die buitelyne van 'n ontwerp altyd met koloniale knope (*colonial knots*) in katoengare geborduur. Die agtergrondmateriaal was altyd suiwer katoen en kerspit is vir die gare gebruik. Daar is altyd met wit op wit of met roomkleur op roomkleur gewerk. By dié basiese tegnieke het LESLEY TURPIN-DELPORT ander tegnieke en nog kleure gevoeg om dié buitengewone ontwerpe te skep

BENODIGDHEDE

Skerp skêr, merkpens met ink wat in water oplosbaar is, chenille-naald, borduurring, byewas, kleedstof van suiwer katoen en kerspitgare. Enige van die volgende gares is geskik: Tridalia nr. 8 vir fyn knope, Elle Summer Breeze, Maria-kerspitgare of gewone borduurgare, vierdubbel gebruik.

AANWYSINGS VIR KERSPITBORDUURWERK

Plaas die kleedstof op die patroon en merk die kolletjies liggies op die voorkant met 'n merkpens. Kolletjies of sirkels op die patroon dui koloniale of Franse knope aan. Lyne dui stam- of kettingsteek of ander borduursteke aan, volgens die aanwysings van elke bepaalde patroon.

Kyk na diagram 1 tot 4 vir koloniale knope en diagram 5 tot 8 vir die ander steke. Trek die kleedstof in die borduurring styf. Knip die gare in lengtes van 50 cm elk. Trek dit liggies oor die byewas sodat die punte bymekaar bly.

Die koloniale knoop word soos volg gemaak: plaas die naald onder die gare en skuif die naald van links na regs (diagram 1). Vou die gare om die punt van die naald van links na regs in die vorm van 'n agt (diagram 2).

Steek die naald in die kleedstof langs die plek waar dit die vorige keer uitgekom het. Trek die gare met die linkerhand styf sodat dit 'n stywe knoop vorm (diagram 3). Trek die naald na die agterkant van die kleedstof om 'n koloniale knoop te vorm. Steek die naald van onder af deur die volgende kolletjie (diagram 4).

Haal die kleedstof uit die borduurring sodra al die steke voltooi is. Spoel die kleedstof in koue water uit om die penmerke te verwyder. Was dit dan in baie warm water. Dit sal die kleedstof laat krimp, sodat die steke styf is.

Rol dit in 'n handdoek om van die meeste water ontslae te raak. Laat dit droog word. Pars die kleedstof liggies aan die verkeerde kant op 'n opgestopte oppervlak.

AANWYSINGS VIR DEURSTIKWERK

TEKSTIELLAAGMETODE

Drie verskillende lae word gebruik: die boonste kleedstof, plat poliësterwatteersel in die middel en voering agter. Voor jy met die deurstikwerk begin, moet die drie lae eers soos volg aanmekaar geryg word: eers die voering, met die agterkant na bo, dan die watteersel en ten laaste die boonste kleedstof, met die agterkant na onder.

Begin die deurstikwerk in die middel en werk uitwaarts sodat die kleedstof nie plooi vorm nie. Dié metode word vir eggodeurstikwerk en diagonale of traliedeurstikwerk gebruik, asook vir ontwerpe met patrone wat

net uit knope bestaan. Dit skep 'n effense reliëf.

DIAGONALE OF TRALIEDEURSTIKWERK

Stik skuinslyne ewe ver van mekaar op die boonste deel van die ontwerp. Stik lyne wat in die teenoorgestelde rigting loop, ook ewe ver van mekaar, bo-oor om 'n vierkantige of diamantpatroon te vorm.

In plaas van voorsteke kan Franse knope op die kruispante gemaak word. Dit skep 'n netjiese effek. Blommetjies soos roosknoppies en vergeet-my-nietjies kan ook op die kruispunte gemaak word.

TRAPUNTO-DEURSTIKWERK

Dié interessante metode behels die opstop van sekere dele van die ontwerp om die reliëf sterker te maak. Knip 'n stuk agtergrondkleedstof en 'n stuk moeseline ewe groot uit. Plaas dit teenmekaar met die voorkant van die agtergrondkleedstof na bo. Dra die ontwerp met 'n kleremakerspen of merkpenn oor.

Plaas die twee stukke kleedstof in 'n deurstikraam en stik op die ontwerp met agtersteek of voorsteek. Die steke moet klein en ewe groot wees. Maak 'n klein snytjie met 'n skerp skêrtjie in die middel en aan die agterkant van elke deel wat opgestop moet word. Druk klein poliësteropstopvlokies met die punt van 'n breinaald deur die snytjies totdat die opstopwerk reëlmatig, maar nie te styf is nie. Werk die snytjies met fyn krielstekies toe.

KOORDDEURSTIKWERK

Dié soort deurstikwerk kan vir blomstele gebruik word. Stik met agter- of voorsteek op die twee lang lyne van die blomsteel. Steek 'n tapisserienaald met 'n stuk koord van agter tussen die twee lyne in.

Om die koord af te bind, maak 'n klein agterstekie in die voering aan die agterkant, of, indien die blomsteeltjie kort is, kan die twee punte van die koord aan mekaar vasgeknoop word. Moenie die koord te styf trek nie, maar los dit slapperig, ingeval die kleedstof krimp wanneer dit gewas word.


EGGODEURSTIKWERK

Volgens dié maklike deurstikmetode word die buitelyne van die basiese ontwerp herhaal. Stik deur al die lae. Gebruik klein voorstekies. Onthou, al die stekies moet ewe groot wees. Begin in die middel en werk uitwaarts. Die spasies tussen die herhalings kan ewe groot wees of geleidelik groter word.

KONTINENTALE KUSSING MET VELDROOS-SIERKRANS

BENODIGDHEDE

Katoenkleedstof, watteersel, voering, moeseline, dik kerspitgare, groen, ligroos en roomkleurige borduurgare, gare, skêr, brei-





naald, poliësteropstopvlokkies en borduur-naald.

UITKNIP

Meet die kussing en reken by vir nate. Gebruik dié mate om die voorkant van die kussing uit katoenstof te knip. Knip stukke van dieselfde grootte uit die moeseline, watterseel en voering.

AANWYSINGS

Plaas die voorkant van die kussing en die moeseline met die agterkante teen mekaar. Dra die ontwerp in diagram 10 daarop oor.

Maak koloniale knope op die kolletjies met dik, roomkleurige gare (kyk na diagramme 1 tot 4). Gebruik gekielde agtersteek vir die blaartjies – roomkleur vir die agtersteek en groen vir die krielsteek. Maak Franse knoopplossies in die middel.

Stap 1 (Kyk na foto 2)

Plaas die materiaal in 'n borduurring en trek dit styf. Borduur die koloniale knope, krielagtersteek en Franse knoopplossies.

Stap 2 (Kyk na foto 3)

Maak 'n snytjie agterin die moeseline by elke

deel wat opgestop moet word. Druk klein opstopvlokkies met behulp van 'n breinaald by die snytjies in. Die opstopseel moet reëlmatig wees, maar nie te styf nie. Werk die snytjies met klein krielstekies toe.

Stap 3 (Kyk na foto 4)

Plaas die watterseel aan die agterkant van die deel wat pas voltooi is en die voering daarteen. Stik skuins lyne ewe ver van mekaar op die boonste deel van die ontwerp met voorsteke. Stik skuins lyne wat in die teenoorgestelde rigting loop bo-oor sodat dit 'n vierkantige of diamantlappiepatroon vorm.

OM TE VOLTOOI

Knip die agterkant van die kussing volgens die mate uit. Onthou om die naatbyrekening by te tel. Die kleedstof vir die val moet twee keer so breed uitgeknipt word as wat die val uiteindelik moet wees, en twee keer so lank as die omtrek van die kussing. Onthou om by te reken vir die nate.

Vou dit in die helfte en trek dit in totdat dit so lank soos die omtrek van die kussing is. Stik aan die regterkant van die voorkant van die kussing, bo-op die naatlyn. Plaas die voorkant en die agterkant van die kussing teen mekaar met die val daartussen. Stik dit vas, maar laat 'n klein openinkie om die kussing om te dop. Plaas die kontinentale kussing binne-in en werk met glipsteek toe.

Hierdie ontwerp kan ook vir 'n dubbelbeddonskometers gebruik word. Herhaal die ontwerp op ses panele en werk dit aan mekaar vas.

KUSSING MET LIGROOS EENDEFRIES

BENODIGDHEDE

Gestreepte kleedstof vir voorkant en agterkant van die kussing, watterseel, voering, buisboorsel, vier skakerings ligroos borduurgare, geel gare vir die snawels, bruin gare vir die pote en oë en borduurnaald.

UITKNIP

Knip die kleedstof volgens die mate van die kussing uit. Onthou om die naatbyrekening by te tel. Knip die watterseel en die voering volgens dieselfde mate uit. Plaas die voorkant van die kussing, die watterseel en die voering teen mekaar volgens die tekstiel-laagmetode (raadpleeg algemene aanwysings).

AANWYSINGS

Dra die ontwerp op die voorkant van die kussing oor. Gebruik diagram 11. Maak koloniale knope deur al die lae van die materiale. Gebruik ligte ligroos vir die linkerkantste eend en 'n donkerder skakering vir elke daaropvolgende eend sodat die regterkantste eend die donkerste is. Gebruik stamsteek vir die pote en snawels.

OM TE VOLTOOI

Werk buisboorsel op die naatlyn aan die voorkant van die kussing vas. Werk die agterkant van die kussing aan die voorkant vas.

met die buisboorsel daartussen. Laat 'n klein openinkie. Plaas die kussing binne-in en werk met glipsteek toe.

ROOMKLEURIGE GEBORDUURDE KUSSINGS

Dié patroon is vir die kussing op foto 6 in die middel voor.

BENODIGDHEDE

Wit kleedstof vir die voorkant en die agterkant van die kussing, watteersel, voering, moeseline, poliëstopstopvlokkies; kant vir die val, kant vir die tooiwerk, smal lint, kerspitgare vir fyn knope, borduurgare in 'n verskeidenheid van kleure.

AANWYSINGS

Volg die aanwysings vir die uitknip van die kontinentale kussing. Dra diagram 12 regs

op die voorkant van die kussing oor. Borduur die vlegontwerp met wit koloniale knope. Die middelste borduurwerk word in die toepaslike steke met gekleurde gare gedoen. Kyk na diagramme 5 tot 8. Volg die metode stapsgewys asook die aanwysings vir trapunto-deurstikwerk op die kontinentale kussing.

OM TE VOLTOOI

Werk kant aan die voorkant van die kussingsloop vas. Werk die voorkant en die agterkant van die kussing aan mekaar vas met die kantval daartussen. Kyk na die aanwysings vir die kontinentale kussing.

TEEMUS

BENODIGDHEDE

Blou kleedstof vir die voorkant en die agterkant, watteersel, voering, wit buisboorsel, dik

wit kerspitgare en geel borduurgare

UITKNIP

Meet die hoogte en die breedte van die teemus. Gebruik dié mate om 'n patroon te teken. Die boonste twee hoeke moet gerond wees. Onthou om die naatbyrekening by te tel. Knip die voorkant en die agterkant van die teemus uit die blou kleedstof, die watteersel en die voering.

AANWYSINGS

Die teemus word volgens die tekstiellaagmetode gemaak. Kyk na die algemene aanwysings. Dra die ontwerp in diagram 13 regs op die voorkant van die teemus oor. Maak wit koloniale knope en borduur die meeldrade in geel met stamsteek.

OM TE VOLTOOI

Berei die agterkant volgens die tekstiellaag-





metode voor. Werk buisboorsel aan die voorkant vas en werk dan die voorkant en die agterkant aan mekaar vas. Dop dit om en voltooi die soom deur die buisboorsel in te werk.

KOLONIALE KUSSING EN RUGSTUT

BENODIGHEDE

Kleedstof, watteersel, voering, moeseline, poliësteropstokvlokkies, dik kerspitgare en buisboorsel.

UITKNIP

Plaas 'n stuk papier teen die rug en sitplek van die stoel om 'n patroon te kry. Tel die naatbyrekening by. Knip die voorkant en die

agterkant uit die kleedstof, watteersel, voering en moeseline.

AANWYSINGS

Gebruik diagram 14 vir die kussing en diagram 15 vir die rugstut. Maak koloniale knope met roomkleurige gare. Volg die aanwysings vir trapunto-deurstikwerk in die algemene aanwysings. Volg die aanwysings vir koorddeurstikwerk om die steeltjies te maak. In plaas van traliedeurstikwerk vir die agtergrond, gebruik die metode vir eggodeurstikwerk met behulp van die tekstiellaagmetode.

OM TE VOLTOOI

Volg die aanwysings vir die kussing met eendefries. Voeg voltooide strokies agteraan

die hoeke waarmee die kussing en die rugstut aan die stoel vasgebind kan word.

LET WEL

Dié ontwerpe en nog ander is beskikbaar in die boek *Candlewicking For All Seasons* met 40 patrone en aanwysings (R31,40, AVB en posgeld ingesluit) en *Creating Beyond Midnight - Candlewicking* (R16,30, AVB en posgeld ingesluit).

Kerspitborduurwerkstelsel vir beginners sluit in kleedstof, watteersel, naalde, gare, spelde, 'n merkpen, byewas, aanwysings en patrone. Dit kos R29,60 (AVB en posgeld ingesluit). Alles kan bestel word van Belinda's Home Crafts, Posbus 6928, Johannesburg, 2000, of bel (011) 402-3450 om 'n k.b.a.-bestelling te plaas.

